

family is a mouthful

# barakat

VINETTE EBRAHIM JOEY RASDIEN MORTIMER WILLIAMS KEENO-LEE HECTOR DANNY ROSS

PAPERJET FILMS in association with THE DEPARTMENT OF TRADE AND INDUSTRY THE NATIONAL FILM AND VIDEO FOUNDATION KEENET THE INDUSTRIAL DEVELOPMENT CORPORATION OF SOUTH AFRICA AND  
WAGVLOG FILMS present "BARAKAT" starring VINETTE EBRAHIM DANNY ROSS MORTIMER WILLIAMS JOEY RASDIEN KEENO LEE HECTOR QUANTA ADAMS BONNIE MBULI JUNE VAN MERICH LESLIE FUNG  
PROD BY AMY JEPHTA DIRECTOR OF PHOTOGRAPHY AMY JEPHTA EXECUTIVE PRODUCERS EPHRAIM GORDON PRODUCED BY KYLE SHEPHERD EDITOR SANJIN MUFTIC COSTUME DESIGNER EBRAHIM HAJEE EXECUTIVE PRODUCERS EPHRAIM GORDON



**PAPERJET FILMS**  
in samewerking met  
**DIE DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID**  
**DIE NASIONALE ROLPRENT- EN VIDEOSTIGTING**  
**kykNET FILMS**  
**DIE INDUSTRIËLE ONTWIKKELINGSKORPORASIE VAN SUID-AFRIKA**  
**INDIGENOUS FILMS**  
en  
**NAGVLUG FILMS**  
bied aan

# BARAKAT

Geregisseer deur  
AMY JEPHTA

Met in die rolverdeling  
VINETTE EBRAHIM  
DANNY ROSS  
MORTIMER WILLIAMS  
JOEY RASDIEN  
KEENO-LEE HECTOR  
QUANITA ADAMS  
BONNIE MBULI  
JUNE VAN MERCH  
LESLIE FONG

Draaiboek deur  
AMY JEPHTA  
EPHRAIM GORDON

Vervaardig deur  
EPHRAIM GORDON

Regisseur van Fotografie  
EBRAHIM HAJEE

Musiek

KYLE SHEPHERD

Redigeerder  
SANJIN MUFTIC

## BARAKAT - برکات

Van die Arabies “barakah”, wat “seën” beteken.

In die Kaap-Maleierkultuur is ’n barakat ’n papiersak gevul met koeke, vrugte en lekkergoed wat deur vriende en bure gedeel word.

Facebook: Barakat The Movie

Instagram: @barakatmovie

Twitter: #BarakatMovie

## KORT SINOPSIS

---

'n Middeljarige matriarg wil graag haar gebroke, disfunsionele familie oor die Eid-al-Fitr bymekaar bring om die nuus oor die nuwe liefde in haar lewe met hulle te deel.

## SINOPSIS

---

Hoe beweeg 'n familie aan na die dood van 'n vader? Hierdie vraag vorm die kern van Suid-Afrika se eerste Moslem-rolprent in Afrikaans.

Toe die matriarg Aisha Davids besluit om 'n huweliksaanbod te aanvaar, moet sy vinnig aan 'n plan dink om die nuus aan haar vier seuns tydens Eid oor te dra. Die enigste probleem is dat haar twee oudste seuns sedert hulle pa se dood haaks is met mekaar en weier om enigsins op dieselfde tyd saam in dieselfde vertrek te wees.

Haar groot onthulling word bederf wanneer die seuns per riemtelegram van hulle ma se voornemende huwelik hoor en bymekaar kom om hul misnoeë met haar planne te lug. Dit is nou in Aisha, haar verloofde en skoondogters se hande om die seuns te oortuig van haar voornemende huwelik en die één ding wat hulle kan gebruik en waaroor almal saamstem is die *barakat*.

*Barakat*, 'n Arabiese woord wat seën beteken, is 'n storie oor die viering van die lewe, oor kultuur en oor hoe belangrik familie is.

## REGISSEUR SE VERKLARING

---

Hoewel *Barakat* as 'n komedie begin, gaan dit uiteindelik oor verdriet.

Ons wou aanvanklik 'n lighartige storie vertel oor 'n gesin waar die broers in onmin met mekaar lewe maar bereid is om saam te staan om hulle ma se liefdeslewe te kelder. Wat die rolprent egter wou oordra, is hoe om die verlies van een van jou gesinslede – in hierdie geval die pa en patriarg – te verwerk.

Die storie het mettertyd die verhaal geword van 'n familie wat sukkel met die nalatenskap van 'n leë sitplek aan tafel.

Vir my gaan dit oor hoe ons oorerflike, kollektiewe herinneringe eer selfs al gaan die lewe noodgedwonge voort.

Die probleem om “aan te beweeg” na die dood van 'n geliefde is 'n universele tema wat tot ons menslike natuur, enige plek in die wêreld, spreek. Dit is dalk waarom die storie wat ons graag wou vertel, telkens afgewyk het om daardie verdriet te ondersoek en te ontrafel.

Maar soms kom pyn die duidelikste tot uiting in absurditeit of komedie.

En vir die Davids-familie vind genesing plaas by die kruispunt waar konflik, tradisie, kultuur en kos bymekaar kom.

'n Familie wat gedwing word om die afwesigheid van 'n gesinslid te konfronteer, is die hart en kompas van hierdie storie. En dit is die storie wat ons werklik wil vertel.

## VRAE AAN & ANTWOORDE VAN AMY JEPHTA & EPHRAIM GORDON

---

### WAT WAS DIE INSPIRASIE VIR *BARAKAT*?

*Barakat* se aanvanklike oorsprong kan teruggevoer word na 'n gesprek oor hoe ons "ons" op die grootskerm kan uitbeeld.

ONS: naamlik, swart, middelklas Suid-Afrikaners en ons families, ons geskiedenis, ons taal en ons beleefde werklikhede. Dit het as 'n gesprek begin waar ons gepraat het oor die gevaar van eensydige narratiewe oor ons ervarings. Vrae oor waarom ons so dikwels uitgebeeld word as gewelddadig en arm, met haglike lewensomstandighede, dat ons gedwing word om daaglik gevare en dwelmverslawing, misdaad en bendegegeweld as 'n natuurlike verlengstuk van ons bestaan, te hanteer.

Wat van die wonder van ons gemeenskappe en ons mense? Wat van ons ryke diversiteit van taal – die veerkrag en dinamiek van die taal wat ons *Afrikaaps* noem, 'n konkoksie van Engels, Nederlands, Arabies, Maleis en Afrikaans? Wat van ons woonbuurte op die Kaapse Vlakte, die landskappe van palmbome en breë strate, die besondere en spesifieke mengsel van Kaaps-Hollandse argitektuur en 80's kitsch? Wat van ons families – (meestal) funksioneel, gewoon, bekommerd oor normale dinge soos verhoudings, huwelike, loopbane en onbenullige konflik?

Kan 'n storie oor "ons" eenvoudig wees?

### HOE HET JULLE TE WERK GEGAAN OM HIERDIE NARRATIEF TE VERANDER?

Dit was vir ons as filmmakers belangrik om 'n film te vervaardig wat die beleefde werklikheid van hierdie onderafdelings van swart Suid-Afrika op 'n lewensegte en eerlike manier uitbeeld. Vir diegene wat hierdie wêreld ken, moes ons 'n outentieke weergawe van "ons" lewe op die Kaapse Vlakte met 'n uitsonderlike stem, styl en toon gee. Ons wou iets uitbeeld wat herkenbaar is maar wat terselfdertyd op 'n spinternuwe manier weergegee word. En vir almal wat nie hierdie wêreld ken nie, wou ons iets nuut omtrent die tradisies en kultuur van 'n Kaaps-Maleier-familie wys. Hoewel die storie self eenvoudig is, maak dié rolprent 'n betekenisvolle verskuiwing in die uitbeelding van swart Suid-Afrikaners se lewens op die grootskerm. Dit was vir ons 'n prioriteit om op 'n uiteenlopende, veelkleurige manier minderheidsgemeenskappe in Suid-Afrika uit te beeld.

### WAT VAN DIE PRENT SE GELOOFWAARDIGHEID?

Egtheid of geloofwaardigheid is **alles**. *Barakat* is in sy geheel in Athlone, Gatesville en die omliggende Kaapse Vlakte-gebiede verfilm en wys 'n kant van Kaapstad – en in die besonder die



Kaapse Vlakte – wat selde in Suid-Afrikaanse rolprente gesien word. Die film weerspieël die plaaslike gemeenskap en word ook by een van die plaaslike moskees verfilm.

Dit was belangrik dat die Davids-familie ’n middelklasgesin met sterk tradisies sou wees, ’n narratiefvertrekpunt wat wegbreek van die gewone stories wat oor die Kaapse Vlakte in Suid-Afrika vertel word.

Die produksiespan het nou saam met die plaaslike gemeenskap en kulturele raadgewers gewerk om die geloofwaardigheid te behou van die Kaaps-Moslem-streektaal, die details van godsdienstige seremonies soos wanneer om op te hou vas en die *Crescent Observation*-seremonie tydens die laaste aand van Ramadaan, asook om die teksture van die Kaapse Moslems se lewens in die produksie-ontwerp en kostuums te weerspieël. Sodoende wou ons ’n Moslem-familie in die rolprent wys wat ten volle onderlê is in hulle oortuigings en geloof, én die warmte en ruimhartigheid van hierdie gemeenskap illustreer.

Hoewel godsdiens opsigself nie ’n spesifieke tema is nie, speel die simboliek en rituele van Islam ’n groot rol in hierdie rolprent. Van die kos op die familie se tafel tot Aisha en Abdu se troufoto’s, Aisha se gebedsmat en Koran, en die verskillende snuisterye, dekor en voorwerpe wat ons in die rolprent sien – dit is alles gelaai met betekenis en reflekteer ’n erfenis eie aan die Kaaps-Maleiergemeenskap. ’n Voorstelling wat ons voel ’n akkurate uitbeelding is van wie ONS is.

### **WIE WAS JULLE KULTUURRAADGEWERS?**

Abduragman Adams, Yazeed Kamaldien, Khalil Kathrada, Moeniel Jacobs, Ayesha Khatieb, Jawaahier Petersen, die Crescent Observer’s Society, Imam Yusuf Pandey en Farouk Valley Omar, almal mense wat afkomstig is van ’n deursneesektor van die plaaslike gemeenskap. Hulle was die raadgewers wat ons gehelp het om te verseker dat die draaibroek die kulturele en godsdienstige nuanses van die storie respekteer.

### **WAT WAS JULLE PRIMÊRE OOGMERK MET *BARAKAT*?**

Dit was vir ons belangrik om die Kaapse Moslem-gemeenskap in ’n positiewe lig uit te beeld. Die Kaap is ’n smeltpot van kulture, met ’n opwindende diversiteit wat in ons gemeenskappe verteenwoordig word, en ons wou mense wys dat hulle ongeag die geloof waaraan hulle behoort, na die rolprent kan kyk en trots kan sê: “Dit is ons daardie”. Dit was ook vir ons belangrik dat almal wat in die prent speel, eg klink en egte “Afrikaaps” praat, soos wat ons dit in ons huise en met ons vriende praat. Die draaiboek is gepeper met frases en woorde wat uniek aan ons kultuur is. Ons wou die oorfloed weergee van wat dit beteken om van Die Vlakte afkomstig te wees, maar vanuit ’n ander hoek beskou.

## MEER OOR DIE FILMMAKERS

---

### **AMY JEPHTA – Regisseur / Draaiboekskrywer**

Amy Jephta is 'n draaiboekskrywer en dramaturg van Mitchell's Plain, Kaapstad. Sy het drie rolprentkrediete op haar naam, onder andere Suid-Afrika se amptelike 2018 Golden Globes-inskrywing, *Ellen: The Ellen Pakkies Story* (Rotterdam Internasionale Filmfees, Seattle Internasionale Filmfees, Pan African Filmfees, Toronto Black Filmfees, ensovoorts). As dramaturg is haar werk deur Danny Boyle vir die Royal Court geregisseer en opgevoer by The Bush-teater, Theatre 503 en die Jermyn Street Theatre in Londen en die Riksteatern in Swede.

Sy was ook 'n lid van die Orchard Project Episodic Lab (New York), die AfroVibes-fees (Amsterdam) en die Edinburgh Internasionale Fees. In 2019 het Amy 'n uurlange oorspronklike voorloperdrama as deel van Ron Howard en Brian Grazer se Imagine Impact-program ontwikkel. *The Park* word tans deur Imagine Entertainment voorberei om later opgevoer te word. Ander onlangse werk van Amy sluit 'n rilleraksiereeks, *Trackers*, vir M-Net en CINEMAX/HBO in, asook *Catch Me A Killer*, 'n aksiedrama-loodsreeks vir eOne.

Amy is al as een van die *Mail & Guardian* se 200 Top Jong Suid-Afrikaners benoem, was in 2007 die ontvanger van die nasionale Eugene Marais-prys vir Drama, in 2019 die ontvanger van een van Suid-Afrika se hoogste kunste-eerbetone, die Standard Bank Jongkunstenaartoekenning vir Teater en in 2020 die ontvanger van die Baumi-prys vir draaiboekontwikkeling (aangebied deur PandoraFilm en die Film- und Medienstiftung NRW, Duitsland). As die kreatiewe regisseur van Nagvlug Films fokus sy nou op rolprent- en televisievervaardiging. Amy word deur CAA en 3Arts Entertainment verteenwoordig.

### **EPHRAIM GORDON – Vervaardiger / Draaiboekskrywer**

Ephraim Gordon het 'n graad in Teater aan die Universiteit van Kaapstad behaal en is as 'n jong akteur vir verskeie teater- en televisietoekennings regdeur Suid-Afrika genomineer. Hy werk ook as 'n storievoorsêer vir plaaslike televisie en help tans die ontwikkelings- en produksiespanne wat aan twee nuwe Suid-Afrikaanse reeksprojekte vir die M-Net-groep werk. Hy werk ook agter die kamera

– as ’n rolverdelingsregisseur vir *Ellen: The Ellen Pakkies Story* – en het bystand verleen en as raadgewer opgetree vir die hoogsaangeskrewe Suid-Afrikaanse rolprente, *Number 37* en *Noem My Skollie*. Ephraim het tot op hede meer as 120 episodes van kykNET se sepie, *Suidooster*, geregisseer, waar hy ook as ’n televisieregisseur opgelei is. Sedertdien het hy die regie van *Sara se Geheim* (seisoen 3), ’n plaaslike reeks in sy finale seisoen, behartig.

In 2017 was Ephraim die vervaardiger van die bekroonde kortfilm, *Soldaat*, wat as die wenner van die Beste Kortfilm en Beste Draaiboek by die Silwerskermfees in Kaapstad aangewys is. In 2019 was hy ’n vervaardiger van twee rolprente wat spesiaal vir die televisie vervaardig is (*Rage and Somerkersfees*) vir M-Net en SHOWMAX. Hy staan tans aan die hoof van ontwikkeling by Nagvlug Films.

## **PAPERJET FILMS**

PaperJet Films is ’n produksie maatskappy wat in 2015 deur Amy Jephta en Ephraim Gordon gestig is en in Kaapstad gebaseer is. Hulle omvattende kundigheid sluit die ontwikkeling, produksie en rolverdeling van bekroonde narratiewe inhoud vir die Suid-Afrikaanse rolprent- en televisiemark in, met ’n spesiale fokus op die vertel van stories van minderheidsgehoere en -skeppers.

PaperJet strewende daarna om platforms vir ontluikende talent te skep deur met opkomende skrywers, regisseurs en spanlede saam te werk en hulle te mentor en was reeds verantwoordelik vir die regissering en rolverdeling van bekroonde produksies soos kykNET se sepie, *Suidooster*, *Ellen: Die Ellen Pakkies Storie*, *Noem My Skollie* en *Nommer 37*. Op die oomblik werk hulle aan die befondsde ontwikkeling van vier vollengteprente (M-Net) en een kortfilm (NFVF), en het twee voltooide kortfilmprojekte, *NamaSwaan* en *Soldaat* (kykNET-Silwerskermfees) en een teaterproduksie op hulle kerfstok.

Jephta en Gordon wil deur middel van PaperJet Films stories vertel wat die narratief rondom die Kaapse Vlakte in Suid-Afrika sal verander en die fokus weg van die geweld waarmee hierdie gemeenskappe so dikwels vereenselwig word, sal verskuif.

## **NAGVLUG FILMS**

Nagvlug Films is 'n gesamentlike onderneming van twee dinamiese jong rolprentmaatskappye: PaperJet Films in Kaapstad en Nouvanaand Films in Johannesburg. Die maatskappy behels die saamvoeging van hulpbronne en kundigheid, met 'n fokus op die produsering van narratiewe inhoud vir die Suid-Afrikaanse en internasionale markte.

Nagvlug is 'n geregistreerde entiteit wat as 'n onafhanklike produksie-arm funksioneer wat die konsepte, hulpbronne en vaardighede van PaperJet en Nouvanaand in 'n eenstop-produksiehuis kombineer. Hulle eerste waagstuk was 'n dramareeks van 13 episodes wat tans in ontwikkeling is vir SHOWMAX en 'n klomp rolprente wat deur die NFVF befonds word.

Nagvlug se algemene kundigheid sluit in die ontwikkeling, produksie en rolverdeling van bekroonde narratiewe inhoud vir die Suid-Afrikaanse rolprent- en televisiemark, met 'n spesiale fokus om stories van minderheidsgehore en -skeppers te vertel. Hulle strewende daarna om platforms vir ontluikende talent te skep deur middel van samewerking met en mentorskap van opkomende skrywers, regisseurs en spanlede en hulle was al verantwoordelik vir die regie en rolverdeling van bekroonde produksies.

## MEER OOR DIE ROLVERDELING

---

### VINETTE EBRAHIM as Aisha Davids

*“Iewers langs die pad het ons mekaar verloor.”*

Aisha is die gom wat haar familie bymekaar hou. Nadat haar man twee jaar gelede oorlede is, het die verhouding tussen haar hardkoppige seuns versuur. Hoewel sy vir hulle al vier lief is en enigiets sal doen om die familie te versoen, vind sy in die vorm van ’n nuwe liefde weer iets om voor te lewe. Sy weet dat dit moeilik sal wees om haar seuns se seën te kry, maar Aisha is onversetlik in haar soeke na geluk.

Vinette Ebrahim is ’n groot gees in Suid-Afrika se vermaaklikheidslandskap. Sy is veral bekend vir haar rol as Charmaine in die gewilde sepie *7de Laan*, waarin sy vir 19 jaar ’n sentrale rol gespeel het. Haar loopbaan het as verhoogbestuurder by die legendariese Space-teater in Kaapstad afgeskop, ’n teater wat baie kunstenaars van haar generasie as hul plek van opleiding beskou. Oor die jare het Ebrahim teaterverhoë landwyd en oorsee aan die brand gespeel in hoogaangeskrewe produksies soos *Boesman and Lena*, *Ellen Pakkies* en *Vaselientjie*. Sy ontvang ’n KANNA-toekenning as beste aktrise vir haar rol in Athol Fugard se *Boesman and Lena*, was ook in Akin Omotoso se *God is African* en *Redemption* te siene en haar teenwoordigheid en grasia as Aisha Davids, die matriarg in *Barakat*, is voelbaar.

### LESLIE FONG as Albertus Meyer

*“Hulle wil my nie hier hê nie.”*

Albertus raak halsoorkop op Aisha Davids verlief. Hy was nog nooit getroud nie en mors dus nie tyd om sy gevoelens vir haar duidelik te maak nie. As ’n ware romantikus sal Albertus enigiets doen om Aisha gelukkig te maak – al beteken dit dat hy by die leeukuil moet ingaan. Wat hy nie verwag het nie, is dat Aisha se vier seuns glad nie tegemoetkomend is nie en dit laat hom wonder of sy liefde vir Aisha die feit dat hy nooit hul pa sal wees nie, sal oorleef.

Leslie Fong is die derde kind van ’n Chinese pa en ’n Xhosa-ma word in Sophiatown in Johannesburg groot. Sy eerste professionele werk was by die Markteater in *Joanie Galant*. Daarna speel hy Mephisto in Goethe se *Faustus in Africa-wêreldtoer* saam met die Handspring Puppet Company, met William Kentridge as regisseur. In sy roemryke loopbaan word hy vir verskeie teatertoekennings genomineer. Sy televisiekrediete sluit *Isidingo* en *Binnelanders* in, en sy vollengterolprentkrediete *A Boy called Twist*, *Cliffhanger* en *Windprints*. Sy waardigheid en warmte verleen aan die “buitestander”, Albertus Meyer, hart en siel.

**JOEY RASDIEN** as Zunaid Davids

*“Ons moenie oorreegeer nie. Laat ons eers hoor wat die storie is.”*

Zunaid is die oudste van die vier seuns, ’n konserwatiewe man wat probeer om te midde van ’n morsige (en privaat) egskeiding van Ra-eesah, sy vrou van 20 jaar, aan sy wortels vas te klou. ’n Sluimerende konflik met sy broer Zaid oor die erflating van sy pa se familiebesigheid het Zunaid met ’n permanente gegriefdheid gelaat. Terwyl kleinlike konflikte onder die oppervlak broei, weier Zunaid om te vergewe en kruip hy agter sy vrome toewyding aan Islam weg.

Die rol van Zunaid word deur Joey Rasdien gespeel – ’n veteraan in die bedryf met ’n agtienjaar-prestasierekord as ’n skerpsketskomediant en akteur. Joey het meer as agt *specials* op sy kerfstok, onder meer drie op internasionale stromingsdienste. Hy speel in die gewilde Suid-Afrikaanse rolprente *Material*, *Bunny Chow* en die volwassewording-bendedrama, *Dollars and White Pipes* maar skryf en vervaardig ook produksies en is ’n krag om mee rekening te hou in die Suid-Afrikaanse komedielandskap. In *Barakat* waag hy sy hand aan ’n meer dramatiese rol as die oudste van die Davids-broers.

**QUANITA ADAMS** as Ra-eesah Davids

*“Al hierdie pogings om dit te laat werk, het my heeltemal uitgeput.”*

Ra-eesah is Zunaid se lankmoedige vrou van twintig jaar. Hulle lei al vir baie jare aparte lewens maar bly steeds in dieselfde huis vanweë die druk van hulle konserwatiewe gemeenskap. Sy ervaar ook toenemende druk om haar huweliksprobleme ’n geheim te hou, wat egter ’n breekpunt bereik toe sy gedwing word om vir ’n langnaweek die skyn voor te hou voor haar skoonfamilie.

Quanita Adams is ’n bekende gesig op die verhoog en was in toneelstukke soos *Valley Song*, *At Her Feet* en *Boesman and Lena* – waarvoor sy vir al drie rolle Fleur du Cap-toekennings as Beste Aktrise gewen het. Quanita is net so dinamies in rolprente as wat sy op die verhoog is en het al in Suid-Afrikaanse rolprente gespeel wat uitstekend by die loket gevaar het, soos *Skeem*, *Material*, *Tess*, *Susters* en die bekroonde *Forgiveness*. Haar televisieverskynings sluit in *E.R*, *Orion* en *Sara se Geheim*. Hierdie meesterlike en veelsydige aktrise se komiese tydsberekening gee aan die karakter Ra-eesah geloofwaardigheid en pathos.

**MORTIMER WILLIAMS** as Zaid Davids

*“Jy kan daardie ding weggooi; dit bestaan nie meer nie.”*

As die tweede oudste seun het Zaid altyd gevoel dat hy in sy ouer broer, Zunaid, se skaduwee lewe. Hy voel verraai nadat Zunaid die familiebesigheid verkoop het en probeer sy bes om so ver as moontlik sy oudste broer en sy nederige grootwordjare op die Kaapse Vlakte te vermy. As 'n konstruksiemagnaat en Johannesburgse uitbinker word Zaid deur die verlokings van sukses verlei en skep hy vir homself 'n nuwe lewe in 'n ander sosiale sirkel waar hy meisies van sy keuse kan uitneem en assosieer met wie hy wil. Sy langtermynvriendin Gwen anker hom en gee hom net soveel ondersteuning as wat sy hom *tough love* gee.

Mortimer Williams is 'n verhoog- en televisie-akteur wat veral bekend is vir sy rol in die SABC2-dramareeks, *Erfsondes*. In 1995 begin hy sy loopbaan in musiekblyspele en verhoogproduksies maar het sedertdien in verskeie Suid-Afrikaanse sepies soos *7de Laan*, *Isidingo*, *Scandal!*, *DANZ!*, *The Docket* en *Soul Buddyz* gespeel. In 2010 het hy by die hoofspelers van die SABC2-sitkom *Rasdien* aangesluit as Mannie Rasdien – naas sy *Barakat*-medester, Joey Rasdien. Hy is 'n volbloed vermaaklikheidskunstenaar en akteur en Mortimer maak sy natuurlike magnetisme en sofistikasie deel van sy karakter as die charismatiese Zaid.

#### **BONNIE MBULI** as Gwyneth

*“Dit is moeilik genoeg om die buitestander in hierdie familie te wees.”*

Gwen is glad nie deel van die Davids-kudde nie maar het vir die familie lief geword asof hulle haar eie familie is. Sy is nie blind vir die subtiele stekies van diskriminasie van sekere familieledede nie, maar is desnieteenstaande baie lief vir Zaid. Sy het 'n sterk persoonlikheid, is eiesinnig en weet wat sy wil hê – en sy weet ook presies wanneer om vir Zaid grense te stel.

As dertienjarige is Bonnie Mbuli as 'n kinderster ontdek, wat die aanloop van 'n lang loopbaan in die vermaaklikheidsbedryf was. Sy is 'n aanbieder, sepiester, rolprentaktrise, outeur en motiveringspreker, het rolle losgeslaan in onder andere Clint Eastwood se *Invictus* (as Zindzi Mandela), Phillip Noyce se *Catch a Fire*, die Kanadese televisiereeks *Charlie Jade* en NBC se *The Philanthropist*. En sy was onlangs in die BBC se *Noughts & Crosses* en SYFY se *Vagrant Queen* te siene. As gevolg van haar natuurlike elegansie en grasia het sy die rol van Gwen met selfversekerdheid en genuanseerdheid vertolk.

#### **KEENO-LEE HECTOR** as Yaseen Davids

*“Mammie, ek begin soos die swartskaap voel ...”*

Yaseen is 'n redelik suksesvolle skrywer en akademikus wat veel eerder sy aandag aan regte politiek as aan sy familie se dramas sal skenk. Hy hou daarvan om mense gelukkig te hou en as 'n middelkind

is hy deur sy ouer broers geboelie. Hy sien Nur, sy jongste broer, as die perfekte teiken vir sy frustrasies hoewel Nur ook sy grootste bondgenoot is.

Keeno-Lee Hector is 'n veelsydige kunstenaar. Hy is as sanger deel van die gewilde groep, *The Black Ties*, en het al die openingsoptredes vir Tevin Campbell en Brian McKnight behartig. Hy het in die BBC se *Jamillah and Aladdin* gespeel en in rolprente soos *24 Hours to Live*, *Bloodshot*, SYFY se *Vagrant Queen* en Universal se *Tremors (6)*. Vir sy rol in *Barakat* as Yaseen span hy sy onberispelike komiese tydsberekening in en speel hy die karakter wat met 'n geloofskrisis worstel, met eerlikheid en diepte.

#### **DANNY ROSS** as Nur Davids

*“Ek wil nie gedurende vastyd baklei nie.”*

Nur, wat jonk van gees en die laasgeborene van die Davids-familie is, het nog nooit enigiets in sy lewe ernstig opgeneem nie. As die jongste van die vier seuns het hy vir byna 33 jaar enige verantwoordelijkheid gesystap en het nog nie 'n vaste werk of 'n vaste meisie gehad nie – en hy is doodgelukkig met die stand van sake. Wanneer hy in die moeilikheid is – en dit gebeur gereeld – vra hy sy ouer broers en ma om sy bas te red.

Akteur Danny Ross se eerste groot rol was as Jason Prince in die plaaslike dramareeks, *Swartwater*. Hy is 'n gewilde akteur op Suid-Afrikaanse televisie en was in verskeie telenovelas met lang speelvlakke, soos *Broken Vows* en *Arendsvlei*, en het bekendheid verwerf vir sy deelname aan plaaslike sepies soos *7de Laan*, *Binnelanders*, *Villa Rosa* en *Suidooster*. Sy loopbaanhoogtepunte sluit rolle in in rolprente soos *Death Race 3* vir Universal Pictures, *24 Hours To Live* naas Ethan Hawke en Nosipho Dumisa se *Nommer 37*. Danny se komiese tydsberekening en weerloosheid het dit vir hom maklik gemaak om die rol van die baba van die familie te speel, wat voel dat die wêreld hom iets skuld.

#### **JUNE VAN MERCH** as Fadielah

*“Alhamdulillah, gered deur die Bilal.”*

Fadielah is 'n tipiese nuuskierige buurvrou wat graag haar neus in almal se sake steek. Hoewel haar benadering lighartig is, is sy 'n steunpilaar en ware vriendin wat vir Aisha met haar nuwe liefdesverhouding ondersteun. Sy is egter ook die een persoon is wat bereid is om moeilike vrae aan haar beste vriendin te vra.

Die karakter word gespeel deur die deurwinterde verhoog-, rolprent- en televisie-aktrise, June van Merch, wat onlangs 'n baie prominente rol in *Sara se Geheim* gespeel het. Suid-Afrika het vir die eerste maal op June verlief geraak toe sy in die ikoniese 1990's sitkom, *Fishy Feshens* – met Kaapstad



se eertydse floreende teksielbedryf as agtergrond – gespeel het. June het daarna in ander ikoniese Suid-Afrikaanse prente soos *Nothing for Mahala*, *Blitzpatrollie*, *Raaiselkind* en *Liewe Kersfeesvader* gespeel. Oor die jare het sy 'n magdom toekennings gewen. Haar liefde om 'n storie te vertel en haar aansteeklike humorsin sorg dat June die perfekte kombinasie van vreugde en bedagsaamheid na die karakter van Fadielah bring.

## ROLVERDELING

Aisha	Vinette Ebrahim
Zunaid	Joey Rasdien
Zaid	Mortimer Williams
Yaseen	Keeno-Lee Hector
Nur	Danny Ross
Ra-eesah	Quanita Adams
Gwen	Bonnie Mbuli
Albertus	Leslie Fong
Fadielah	June van Merch
Abdu	Carlo Daniels
Jong Aisha	Bianca Flanders
Jong Zunaid	Mateo Olivier
Jong Zaid	Moenier Jacobs
Jong Yaseen	Yaseen Leonard
Jong Nur	Sky Simons
Baba Nur	River Hoffmeester
Young Fadielah	Lisa Gombard
Ouer Abdu	Abduragmaan Adams
Boeta Maan	Omar Adams
Imam Abrahams	Farouk Valley-Omar
Imam Desai	Loukmaan Adams
Tohiera	Carmen Maarman
Nicole	Kim Adonis
Nicole se Ma	Madeegah Anders
Big Dude	Maurice Paige
Ashraf	Ashur Petersen
Klant by werkswinkel	Shihaam Domingo
Crescent-waarnemer 1	Imam Yusuf Pandy
Crescent-waarnemer 2	Mogamat Adams
Seun in <i>thawb</i>	Riedwaan Cupido

## FILMSPAN

Vervaardiger	Ephraim Gordon
Lynvervaardiger Produksietoeshouer	Dominique Jossie Chanél Muller
Draaiboek	Amy Jephta & Ephraim Gordon
Regisseur	Amy Jephta
Regisseur van Fotografie	Ebrahim Hajee
1ste Assistentregisseur	Thabani Gigaba
2de Assistentregisseur	Heno Janse van Rensburg
3de Assistentregisseur & Kulturele Raadgewer	Khalil Kathrada

Kontinuiteit- en Draaiboektoesighouer	Vinita Petrus
Produksie-assistent Tydelike Produksie-assistente	Ryan Thomson Calum Williams Enrico Ricardo Hartzenberg Kristen Block
Ekstras-koördineerder Kinderversorgers	Moewada Abrahams Joanne Mkizhe Wilhelmina van Schalkwyk
Produksierekenmeesters	Moneypenny Belinda Bruce Shamila Phillips
Fokustrekker Kamera-assistent VT-vakleerling Datahanteerder Fotograwe	Fuad Casker Ashley-John Gordon Reagen Kearns Kurt Naidoo Lindsay Appolis Zaheer Banderker Dominic Barnardt Chris Lotz
Steadicam-operateur	
Hoofbeligter Beligtingsassistente	Ashraf Benjamin Janery Cloete Mogamat Sulaimaan Dixon
Beligtingsleerling	Tashreeq Damon
Hooftakelaar Takelaarassistent Takelaarleerling	Zubair Gani Abduragman Khan Numaan Cassiem Adam Safiedien
Klankvermenger Klankhengelaar Klankassistent	Zaheer Banderker Sabri Samsodien Junaid Banderker
Kunsregisseur Rekwisietemeester Stelinkleder Assistent-stelinkleder Kunsdepartementleerling Tydelike Kunsdepartementassistent	Sumaya Wicomb Dillan Trout Lindsay Welff Wayne Solomon Maia Flynn Gaisie Oliver Copley
Kostuumontwerper Kostuumtoesighouer Kostuumassistent Tydelike kostuumassistent	Ayesha Khatieb Jodi Bowers Mery Ndabarushimana Jackie Alkana

	Noluthando Patricia Sishuba
Grimering- & Haarontwerper	Farzanah Siblall
Assistentgrimering- & Haarontwerper	Tiffany Matthews
Tydlike Grimering- & Haarassistent	Eileen Hamer
Eenheidsbestuurder	Ebrahim Ismail
Eenheidsassistent	Naeem Isaacs
	Safwaan Gabriels
	Fargaan Jacobs
Sekuriteit	Benjamin Miller
	Harold Hunter
	Ricardo Coster
	Ashley van Neel
	Nithaam Damon
	Alfonzo Kasper
Paramedici	Taurus Medical
	Justin Witbooi
	JP Sims
Spyseniering	Plum Corporate Events
	Shanaaz Damon
	Shamiela Omar
Spysenieringsassistent	Khadeejah Kaffoor
	Shamiel Kaffoor
Kulturele raadgewers	Khalil Kathrada
	Abduragmaan Adams
	Yazeed Kamaldien
	Jawaahier Petersen
	Moeniel Jacobs
	Iman Isaacs
	Ayesha Khatieb
Dierhanteerder	Jet Shaw
Diere-inspekteur	Clive Matthews
Naproduksietoesighouer	Nouvanaand Films
	Johan Cronje
Redigeerder	Sanjin Muftic
Assistentredigeerder	Wilhelm Conradie
Titelontwerp	Daniel-Duncan Rheed
Naproduksiefasiliteit	Refinery Cape Town
Naproduksietoesighouer	Lauren van Rensburg
DI-vervaardiger	Ancois Human
Kleurkorreksiefasiliteit	Refinery Cape Town
Kleurversorger	Kyle Stroebel

Eindroller	Armien Baradien
Onderskrifte-vertaling	Amy Jephta Melissa Wilering
Onderskrifte Draaiboekvertaling	Melissa Wilering Abduragmaan Adams
Klank-naproduksiefasiliteit Klankontwerp & Finale Vermenging Byklankkunstenaar	Refinery Cape Town Barry Donnelly Charl Mostert
Oorspronklike Musiek, Orkestrasie en Programmering	Kyle Shepherd
Ghitaar Snare Stemme	Angelo Syster Cape String Ensemble Heinrich Frans
Musiek vermeng deur Musiekvermengingsassistent	Michael Wilson Trollip en Kyle Shepherd Kieran Catell
Klankopname-ateljee	Penny Lane Studios, Kaapstad
Stemopname-ateljee Stelfotograaf	KSM Audio, Atlantic Film Studios Lindsay Appolis Zaheer Banderker
Aisha se huis Portia Primêre Skool Lansdownestraat	Wardah Adams Kevin Velensky Gillian Cloete Tracey-Lee Creamer
Nicole se woonstel	Aneesah Khan Badoura Davids
Windsor Park Lansdowne Glass Wholesalers Constantia-begraafplaas College of Cape Town, Crawford	Soamia Isaacs Majdie Levy Mohammed N Hendricks Melody Yarescia
St Athansstraat-moskee Zaid-kantoor Die Klub	Sylvia Lewis Allie Ebrahim Waseem Sayed The Chilli Bar Sandhaven Naidoo
Aptek	Braude se Aptek Ilze Morkel
Akteursagentskappe	About Entertainment! Emma Ress Management APM

	Artists One Creative Actors Stella Talent Pursch Artistes
Spanagentskappe	Tank Crew Nautilus Crew Pulse Crew Education on Location
Kamera, Takelaars & Beligtingstoerusting	Media Film Services Cader Khan Loren de Waal
VT/DIT-toerusting	Urban Phantom Media Naguib Fredericks
Bykomende Takelaarstoerusting	Griphthis Technical Film Service Laura Foster Zubair Gani
Bykomende Beligting	Magic Arms Lighting Brent Sauls
Bykomende Kameratoerusting Klanktoerusting	Chris Lotz Super Sound Man Craig Ryneveld
Oudisievenue, Toerusting & Kragopwekker	Homebrew Films Jaco Loubser Paul Venter Tania Reed Chris Gardner Mark Adriaanse Suidooster Films Addington Cele Colin Howard Bradley Joshua
Produksievoertuie	Areyeng Rentals Johan Kruger Lusinda Holok
	A-Unit Anneliese Spann Byron Sequeira
Eenheidstoerusting, Radio's, Toilette & Sekuriteit	EB Unit

Reisagentskap	Wembley Travel & Tours
Regsdiensle	Lazarus Attorneys Kern Armstrong and Associates
Versekering	GIB Insurance Brokers
Hollard-filmborge	Paul Raleigh Gail Radnitz Moroba Nkawe Buyisile Kubheka Wesley Raleigh Margaret Taback
Bedryfsontwikkelingskorporasie van SA	Kofi Amparbeng Refilwe Mokadikoa-Cele
Verspreiding	Indigenous Film Distribution Helen Kuun Thandeka Zwana Jana Erasmus
Nagvlug Films	Scharl van dDer Merwe Amy Jephta Zandre Coetzer Johan Cronje Ephraim Gordon
M-Net	Karen Meiring Jan du Plessis Kaye Ann Williams Nicola van Niekerk Etienne Daniels Wikus du Toit
Reklame & Fotografie	David Alex Wilson – Mad Moth Communications Dominique Barnardt
Spesiale dank aan	Crescent Observer Society of South Africa Taz Boutique in Gatesville Atlantic Studios Gambit Films Homebrew Films Suidooster Films Moegammad Fasiagh Petersen Voice of the Cape Radio 786

Yazeed Kamaldien  
Aki Akbar  
Damon & Sons Construction  
Munier Damon  
Shanaaz Damon  
The Design Warehouse  
Emporium  
Occasional Treats  
Ahmed Banderker  
Soraya Banderker  
Moosa Vallie  
Annie's Wardrobe

Geskiet in Athlone, Kaapstad, Suid-Afrika  
Shukran aan die gemeenskap van of Athlone, Landsdowne en Rylands

Liedjies

***And it Feels Like Love***

Lirieke deur Heinrich Frans en Kyle Shepherd  
Musiek deur Kyle Shepherd

***Dames***

Geskryf deur Adrian Entwistle, gesing deur Biggy  
en gepubliseer deur Inhoco Music Publishing